GRENSPOS VEREISTES VIR MINDERJARIGES (ONDER 18 JAAR OUD)

Vir die beskerming van kinders word sekere dokumente verkabg by Suid-Afrikaanse grens poste vir albei uit- en ingang doeleindes. ALLE minderjariges moet in besit van 1) ‘n geldige paspoort en 2) ‘n volledige (“unabridged”) geboortesertifkaat wees.

MINDERJARIGE WAT MET ALBEI OUERS REIS



Paspoort

Volledige geboortesertifikaat

LET ASSEBLIEF WEL:

1) Lees asseblief Afdeling A in Addisonele Notas & Verdere Verduidelikings.
2) “Ouer” verwys na die naam van die vader en moeder soos op die volledige geboortesertifikaat.
3) In ‘n die beëdigde verklaring gee die ondertekenaar ‘n ander persoon toestemming om sy/haar kind uit die land uit te neem. **HIERDIE MOET DEUR ‘N KOMMISSARIS VAN EDE ONDERSKRYF WORD.**
4) Waar ouers geskei is en een ouer volle bewaar-en-toesig het moet die ander ouer nog steeds ‘n beëdigde verklaring voltooi. Net waar ‘n HOFBEVEL die ouer met bewaring volle bewaring-en-toesig gee hoef die ander ouer nie ‘n beëdige verklaring te teken nie.
5) Waar wetlike voog(de) nie die ouers soos op die volledige geboortesertifikate is nie, word HOFBEVELLE wat die wetlike voog(de) nomineer verlang.
6) Waar die naam van ‘n ouer op sy / haar identieteitsdokument verskil van dié op die volledige geboortesetifikaat, bewys van naamverandering moet voorsien word (bv. huwelikssertifikaat).
7) Gesertifiseerde afskrifte van volledige geboortesertifikate, identiteiskdoumente, doodsertifikate, ens, word aanvaar MAAR DIE DATUMSTEMPEL MOET BINNE 3 MAANDE WEES VAN TERUGKEER SUID-AFRIKA TOE.
8) Alle afskrifte moet op A4 papier wees; moet nie skoonpapier afsny nie.
9) As die metgeselle van die minderjarige vir die uit- en ingaande reis verskil, maak asseblief seker dat dokumente vir albei gevalle korrek is.
10) As omstandighede verskil van dié bo of vir enige vrae, kontak die Departement van Binnelandse Sake op 0800 60 11 90 of Amanzi Trails op 021 559 1573; 072 229 4672; info@amanzitrails.co.za.

NIE-SUID-AFRIKAANSE BURGERS OF SUID-AFRIKAANSE BURGERS MET DUBBELE BURGERSKAP, SIEN PUNTE B & C ONDER IN ADDISIONELE NOTAS & VERDERE VERDUIDELIKINGS.

MINDERJARIGE WAT MET EEN OUER REIS

Paspoort

Volledige geboortesertifikaat

Beëdigde verklaring van ander ouer/wetlike voog

Kopie van ID van ander ouer/wetlike voog

Doodsertifikaat indien ander ouer oorlede is

Hofbevel wat wetlike voog(de) nomineer**

**waar van toepassing

MINDERJARIGE WAT MET ‘N TYDELIKE VOOG RYS (byvoorld onderwyser, familielid, vriend, ens)



Paspoort

Volledige geboortesertifikaat

Beëdigde verklaring van moeder/wetlike voog

Kopie van ID van moeder/wetlike voog

Beëdigde verklaring van vader/wetlike voog

Kopie van ID van vader/lwetlike voog

Doodsertifikaat indien een ouer oorlede is

Hofbevel wat wetlike voog(de) nomineer**

ADDISIONELE NOTAS & VERDERE VERDUIDELIKINGS

A. Paspoorte & Volledige Geboortesertifikate

- Elke deelnemer moet ‘n paspoort hê wat geldig is vir 6 maande na die terugkeer Suid-Afrika toe.
- Minderjariges (onder 18 jaar) moet hul eie paspoort hê.
- Paspoorte vir minderjariges is net vir 5 jaar geldig en nie vir 10 jaar soos in die geval van volwassenes nie.
- Nood- en tydelike paspoorte word nie meer deur die Departement van Binnelandse Sake uitgereik nie.
- Wanneer aansoek om ‘n passport vir minderjariges dedoen word moet altwee ouers die aansoek goedkeur en moet hul identiteitsdokument toon. In die geval waar een ouer onbeskikbaar is of bly in ‘n ander stad/dorp mag een ouer saam met die minderjarige aansoek doen. Die ander ouer kan die aansoek by ‘n verskillende kantoor bevestig en moet die Binnelandsesake beampte inlig by watter kantoor die oorspronklike aansoek gedoen was.

- Minderjariges moet OOK in besit van ‘n volledige (“unabridged”) geboortesertifikaat wees.
- Minderjariges wat nie saam met albei ouers reis nie moet ook ‘n beëdigde verklaring van die afwesige ouer(s) hê wat geteken en gestempel is deur ‘n kommissaris van ede wat ‘n tydelike voog (bv ‘n familielid, vriend of onderwyser met wie die kind reis) toestemming gee om Suid-Afrika te verlaat/terug te kom met sy/haar kind. (Sien beëdigde verklaring onder.)
- Waar die naam van ‘n ouer op die volledige geboorte sertifikaat verskil van dié op sy/haar identiteitsdokument, moet ‘n gesertifiseerde afskrif van die dokument wat die verskil verduidelik voorsien word (bv ‘n huweliks-sertifikaat).
- Afskrifte van volledige geboorte sertifikate, identiteitsdokumente, ens word aanvaar maar moet deur ‘n kommissaris van ede gesertifiseer word.
- Die datum van die stempel op afskrifte en beëdigde verklarkings moet minder as 3 maande wees van die datum van terugkeer Suid-Afrika toe.
- As ‘n volledige geboorte sertifikaat nie betyds ontvang word nie, reik die Departement van Binnelandse Sake ‘n brief uit wat by grensposte aanvaar word as ‘n plaasvervanger van die sertifikaat.

- Aansoek om ‘n paspoort neem 3–6 weke en om ‘n volledige geboortesertifikaat neem 6–12 weke.
- As ‘n minderjarige van 16 jaar of ouer aansoek om ‘n paspoort doen moet hy/sy in besit van ‘n identiteits-dokument wees; dus is ‘n addisionele 6–12 weke nodig indien aansoek om ‘n identiteitsdokument eers gedoen moet word.

B. Visums vir Namibië vir nie-Suid-Afrikaanse burgers

- Dié wat nie met ‘n Suid-Afrikaanse paspoort reis nie moet by die Namibiese Toerisme Bord navraag doen oor visumvereistes [tel: ++27 (0)21 422 3298; naminfo@saol.com].
- Maak asseblief seker dat visums toelaat dat jy Namibië kan ingaan EN na Suid-Afrika toe.

C. Suid-Afrikaners met dubbele burgerskap of nie Suid-Afrikaners met permanente verblyf in Suid-Afrika

- Suid-Afrikaners met dubbele burgerskap moet Suid-Afrika op ‘n geldige Suid-Afrikaanse paspoort verlaat en terugkeer.
- Nie-Suid-Afrikaners wat permanente verblyf in Suid-Afrika het moet óf Suid-Afrika met ‘n geldige Suid-Afrikaanse paspoort verlaat óf moet ‘n permanente verblyfstempel in hul nie-Suid-Afrikaanse paspoort hê.
- Suid-Afrikaners met dubbele burgerskap en nie-Suid-Afrikaners met permanente verblyf in Suid-Afrika moet asseblief seker maak dat die bogenoemde en enige ander nodige dokumentasie in orde is om Suid-Afrika te verlaat EN terug te keer.

LET ASSEBLIEF WEL DAT ONGELUKKIG KAN GEEN BYSTAND GEGEE KAN WORD AAN DEELNEMERS SONDER GELDIGE REISDOKUMENTE EN GEEN TERUGBETALINGS KAN GEGEE WORD IN DIE GEVAL VAN ONTREKKING WEENS PASPOORT / VISUM PROBLEME.

BEËDIGDE VERKLARING

Ek, ‘n mondige manlike/vroulike ……………………………………………… burger met identiteits/paspoort nommer ……………………………………………… (kopie aangeheg) van adres: ……………………………………………………………….. ………………………………………………………………………………………… , selfoon nommer: …………………………………………… , en epos adres: ……. hiermee verklaar onder eed soos volg:

1. Ek is die vader/moeder/wetlike voog van ……………………………………………………………………………………………… ………………………………………(kind se volle naam), gebore op ……………………………………………………… in ……………………………………………….. met identiteits/paspoort nommer …………………………………………………. ;

2. Ek gee toestemming dat my kind Suid Afrika saam met sy/haar moeder/vader/tydelike voog ………. (volle naam) met identiteits/paspoort nommer ………………………………………… (kopie aangeheg) verlaat op of rondom ………………………………………… (datum van vertrek) en dat hy/sy terugkeer na Suid Afrika op of rondom ………………………………………. (datum van terugkeer).

____ (handtekening)

……………………………………………………………………………………………….. (volle naam in drukskrif)

VADER/MOEDER/WETLIKE VOOG

Ek sertifeer dat die VERKLAARDER erken het dat hy/sy vertroud is met die inhoud van hierdie beëdigde verklaring, dat hy/sy dit verstaan en begryp, dat hy/sy geen beswaar het om die eed af te lê nie, en dat hy/sy die eed verpligtigend op sy/haar gewete beskou, welke eed en verklaring afgelê en geteken is voor my te ……………………………………………………….. op hierdie die …………………..dag van …………………………….20………, en dat die van die eed afgelê is ingevolge die regulasies soos meer volledig uiteengesit in Goewermentskennisgewing R1258 van 21 Julie 1972, soos gewysig.

____ (handtekening)

…………………………………………………………………………………(volle naam in drukskrif)

KOMMISSARIS VAN EDE